Die TBK se Nuusbrief

No. 1/2015

KAN JY DIE VOLGENDE PERSONE IDENTIFISEER?

Kyk op bladsy 11

Die Tradisionele Boeremusiekklub van Suid-Afrika
Posbus 48865, HERCULES, 0030

Ek hoop almal geniet die nuusbrief.
Lede moet asseblief bydraes lewer vir die nuusbrief. Stuur wenke en inligting aan: pdejager@mweb.co.za in "Word"-formaat asseblief. Faks: 086 548 6704
Dankie aan almal wat bydraes vir hierdie nuusbrief gelewer het.

TBK Webblad: http://www.boeremusiek.org
TBK e-posadres: info@boeremusiek.org

*As u sou belangstel om **musiek van die boere** te kry soos deur die TBK versprei, dan is Sias Erasmus die man om te kontak … Tel 012 379 1745, 083 948 2987, Bezuidenhoutstraat 467, Claremont, 0082. E-pos dualcon@vodamail.co.za Bankbesonderhede – TBK, ABSA Ben Swartstraat, Rekeningnommer 090281062.*

Sias Erasmus vra Debiet- en Aftrekorder lede se hulp rakende laserskywe

Baie dankie vir die ondersteuning en geduld met die versending van laserskywe die afgelope drie jaar, veral 2014. Graag wil ek 'n versoek rig aan alle debiet- en aftrekorder lede om, nadat julle hierdie nuusbrief ontvang het, die laserskyf lys deur te gaan, my te skakel en die laserskywe wat julle nie het nie, aan my deur te gee sodat ek dit vir julle kan aanstuur. Ek sal dit alfabeties aanteken sodat ek dit so spoedig moontlik kan aanstuur (as die poskantoor nie staak nie). Indien u nie kan skakel nie, stuur vir my 'n brief met u versoek na die TBK se adres of stuur 'n epos na Dualcon@vodamail.co.za.
Ek vra GROOT ASSEBLIEF vir U samewerking.

LEDEGELD EN INLIGTING

Lede word daaraan herinner om hul agterstallige ledegeld op datum te hou. Die lidmaatskapfooi beloop R75,00 per jaar en kan deur middel van die internet, direkte deposito of tydens 'n byeenkoms betaal word. Bewyse van betalings wat deur die internet of direkte deposito geskied, moet gestuur word aan martindorfling.boeremusiek@gmail.com, of Posbus 59691, Kengray, 2100. **Skryf asseblief u lid- of identiteitsnommer en woon- of posadres op die bewys van betaling**.

Besoek gerus die TBK se Facebook blad. Dit dien as 'n platform waar Boeremusiekliefhebbers inligting deel rakende die musiek, geskiedenis asook ander interessanthede. Die bladsy se naam is "Tradisionele Boeremusiek Klub".

Hier volg die datums van byeenkomste, asook die jaarvergaderings, in donker gedruk, asook kontakpersone en hul telefoonnommers vir 2015

TBK Byeenkomste vir 2015						
Wesrand	**Pretoria**	**Oosrand**	**Vaal-Driehoek**	**Goudveld**	**Bloem-fontein**	**Weskaap**
31 Jan	**21 Feb**	28 Feb	**7 Mrt**	28 Feb	**TAK DORMANT. Kontak Jimmy McDonald indien u graag hulp wil verleen.**	
9 Mei	16 Mei	11 Apr	18 Apr	6 Jun		
5 Sep	22 Aug	**1 Aug**	29 Aug	29 Aug		
5 Des	**10 Okt**	3 Okt	31 Okt	28 Nov		
	7 Nov	28 Nov				
Flip Snyman	Hennie Bezuiden-hout	Martin Dorfling	Willie Badenhorst	André Burger		Daantjie Kotzé
011 955 3615	012 377 1072	011 615 2082	016 932 1897	057 398 1022	051 522 4062	084 619 4616
082 624 5308	082 414 4014	082 542 1908	076 389 7079	084 598 1022	084 814 0895	082 923 5875

Luister gerus na “Uit ons Boeremusiek Skatkis” Tradisionele Boeremusiekprogram op Radio Pretoria (aanlyn op www.radiopretoria.co.za of DSTV musiekkanaal 887) aangebied deur oom Danie Labuschagne en Ds. Lourens Aucamp Vrydagaande om 20:15. Die heruitsending is Saterdagoggende net na 05:00.

Die werklike kosbaarhede van die lewe is alles kosteloos te kry.
- Karl Feldkamp -

I N M E M O R I A M

Dit is met leedwese dat ons verneem het van die afsterwe van Chrissie van Tonder.

Alle simpatie ook aan almal wat naasbestaandes aan die dood moes afstaan.

SKRYWE ONTVANG

Sarie Marais (in reaksie op Nuusbrief 2 2014)

Dit was lekker om die artikel omtrent Sarie Marais te lees.
My vrou se oupa, Jacobus Petrus Toerien, was een van die agt oorlewende kinders van Sarie en Jepete. Die enigste oorlewende kleinseun, Japie Toerien, woonagtig in Krugersdorp, sê hy kan nie verseker sê of sy oupa Jepete vaardig was op enige musiekinstrument nie, maar hy het veel meer lirieke geskryf wat deur sy suster getoonset was. ‘n Brand het Jepete se drukkery vernietig en sodoende is daar baie van sy werk vernietig. In 1996 het ‘n NG Kerk op Middelburg, Transvaal, vir hom ‘n grafsteen opgerig ter ere van sy nagedagtenis.
My vrou se oupa, genoem Koos, was baie vaardig op die klavier en orrel. Hy het vier kinders gehad: drie seuns en ‘n dogter en sestien kleinkinders – dus agterkleinkinders van Sarie “Marais” en Jepete Toerien. Wat opvallend is, is die besonderse talente wat die nageslag het. Daar is nie ‘n musiekinstrument wat nie tussen die familie bespeel word nie. Vanweë die familie se geloofsoortuiging, word slegs onderling of in die kerk musiek gemaak. Die uitsondering is ‘n agteragterkleinseun wat in Nederland woon en aan internasionale klavierkompetisies deelneem.
My liefde vir boeremusiek het al so’n bietjie aan my vrou, ‘n agterkleinkind van Jepete, afgevryf.

Groete
Jan Potgieter

Brief ontvang

Liewe Daantjie (Daantjie Kotzé, voorsitter Weskaap-tak)

Ek wil graag vir jou vertel hoe dit gebeur het dat ek lief is vir boeremusiek. Ek is Engelssprekend. Ek is in 1937 op die plaas Klaasenbosch in Constantia gebore waar my pa die voorman op dié groente- en wingerdplaas was. My ma was ‘n Kleynhans van Ladismith Kaap, in Afrikaans grootgeword. Daar was vyf ander boere wat grond op die plaas gehuur het om groente te verbou, vier van hulle familie van my pa.

Almal se huistaal was Engels, maar die mans, self van die wye familiekring, het Afrikaans met mekaar gepraat, met die tipiese "djy" en "djou" van die Kaapse uitspraak. As die vrouens bymekaarkom dan praat hulle Engels. Niemand op die plaas, selfs onder die Kleurlingvolkies het musiekinstrumente gespeel nie (daar was wel een wat kitaal kon speel).
Ons het in 'n huisie gebly, sonder elektrisiteit, water of badkamer. Toe ek omtrent 12 jaar oud was, is die plaas deur die twee eienaars, Versfeld broers, verkoop. My pa en een van my ooms het aangebly as voormanne, maar die ander huurboere moes die plaas verlaat. So het dit gebeur dat ons na 'n ander huis op die plaas vertrek het, wat elektrisiteit gehad het. My tante het 'n ou groot radiogram agtergelaat vir ons. Eendag het ek ingeskakel op SAUK se Afrikaanse program en ek hoor vir die eerste keer 'n program van boeremusiek. "From that day on I have been hooked on boeremusiek"!
Daar was destyds 'n program van boeremusiek, ek dink op 'n Woensdag, omtrent halfsewe namiddag. Ek weet nie of dit toe al Konsertinaklub genoem was nie. Daar was lewendige uitvoerings (miskien vooraf opgeneem) deur orkeste soos Hendrik Susan, Hansie en ek dink, Danie van Loggerenberg, Harold Cobb, Nico Carstens, Jean du Plessis, Frikkie Scholtz, Japie Laubscher, Die Ons Landers orkes, Hans la Grange en vele meer. Van die ou plate is ook gespeel soos dié: Vier Transvalers, Vyf Dagbrekers, Vyf Vastrapppers, Ses Hartbrekers, Vier Fouries, Vyf Springbokke, Die Baanbrekers, Oom Jan Visser en sy begeleiding en nog meer. Dawid de Lange en Cobus Blignaut se sangnommers ook. Ek onthou ook 'n sangeres, Bettie Britz.
Twee van my geliefkooste nommers was, en is nog, die Soutpansberg polka en die settees. Van daardie begin dae het ek meer gehou van die tradisionele styl – ek hou nie juis van die dromme of tromme of skottelgoed nie. Sedert daardie eerste dag het ek na al, of feitelik al, die boeremusiekprogramme oor die radio en TV geluister, insluitend Toeka se Treffers aandgebied deur Lourens Aucamp. Hans la Grange het ook, ek dink, Konsertinaklub aangebied. Op 'n Vrydagaand laat het Japie Laubscher en sy trio opgetree.
Nou gaan ek jou 'n ding vertel! Vanaf 1979/1980 het ek elke Konsertinaklub, Span die Bokseil en Nog 'n Draai programme op band opgeneem, d.w.s. ek het feitelik elke boeremusieknommer wat ooit op plaat opgeneem is, op band (kasset), want, ds. Aucamp wat Span die Bokseil en later Nog 'n Draai aangebied het, besit glo oor 'n duisend plate van omtrent 180 orkeste. Nog 'n Draai het omstreeks 1997 tot 'n einde gekom. Deesdae, vanaf omstreeks 2000, neem ek nie meer die hele program op nie, maar net die nommers waarvan ek hou. In 2007/2008 het ek al die ou bande vanaf 1979 tot Februarie 1997 op nuwe bande opgeneem. Ek het altesaam omtrent 247 kassette, maar dit sluit in dié waarop en van my CD's afgeneem het.
Behalwe van die program Vastrap, luister ek ook na Kom Vastrap Saam op Radio Helderberg van 17:00 tot 18:00 elke Saterdag. Ek het jou onlange onderhoud met

Marius Dippenaar afgeneem, waarin jy onder andere vir hom vertel het van die ou grammofoon naaldjies.
Iewers in die 1980's, ek dink, het ek 'n soortgelyke brief aan Span die Bokseil geskryf en Tinus de Villiers het deel van my brief op die program uitgelees, wat u natuurlik op band het.
Ek het net drie musiekkassette destyds gekoop (Willie Welgens, Hartswater en Oudag), maar ek het 'n bietjie laat begin om CD's te koop. Ek het wel die Vier Transvalers se CD van die "So het hulle gespeel" reeks en 'n paar ander (Jim Muller, Hendrik Susan, Kerrie Bornman en Chris Blignaut (2)), maar ander soos die Ses Hartbrekers was uitverkoop. Ek besit nou 98 CD's en twee DVD's.
Terloops, van daai CD van die Sandvelders wat ek nie in die hande kon kry nie, het ek nou al 19 snitte op kasset afgeneem van Vastrap en meestal van Kom Vastrap Saam. Daar is iets besonders aan daai CD – dit is vir my die allerbeste tradisionele klank – die banjo klink soos 'n blikbanjo! Op die Saterdag toe Prins William en Kate in Engeland getrou het, het Marius Dippenaar melding gemaak daarvan en toe begin hy sy program om te se "Ons begin vandag met die Sandvelders, maar hulle doen dit op 'n baie, baie eg Suid-Afrikaans manier en hulle praat van die ape se bruilof!"
Ek en my vrou het twee keer na die ateljee in Seepunt gegaan, seker in die 1980's, waar die opnames vir Konsertinaklub opgeneem is – Mynie Reyes en Boetie Kallis (elk het twee programme gedoen). Dit was nogal verniet. Ons het ook die TBOK wennerskonsert van 1992 op 22-01-1993 in Bellville bygewoon. My oudste seun het dit op band oafgeneem van die radio.
Nou kom ek tot die eintlike rede vir hierdie brief. Wat gaan gebeur met hierdie unieke versameling van boeremusiek kassette wanneer ek eendag heengaan? My familie wil dit nie hê nie. Ek wil graag hê dat die TBK, of jy self dit van my moet erf. Die meerderheid is van goeie gehalte. Behalwe al die ou plate is daar natuurlik ook die talle Konsertinaklubprogramme waar lewende uitvoerings (miskien vooraf opgeneem) deur talle orkeste uitgesaai is, soos Hannes Schoeman, Pierre Retief, Hugo Radley, Piet Bester, Piet Snyman, Oudag, Hartswater, Danie Grey, Marius Louw, Goudvelders, Mooiplaas, Kaalplaas, Brian Nieuwoudt, Boetie Kallis, Mynie Reyes en nog vele meer, asook al die nommers wat van CD's uitgesaai is.
n.s. In 1961, toe hy 75 geword het, het my pa afgetree en ons moes die plaas verlaat en in die dorp gaan bly. Ek was toe op Universiteit (UCT). Ek het 'n Wiskunde onderwyser geword en het vir 45 jaar klas gegee. Daar is nou net huise waar die plaas geleë was …

Groete
George Lester, Dieprivier
Indien enige persoon belangstel om die kassette te bekom, kan hulle die redaksie kontak by pdejager@mweb.co.za vir meer inligting.

Muti

Hanlie van Straaten (vstraaten@polka.co.za) het sopas die vierde van ‘n tipe omnibus die lig laat sien waarin sy ‘n uiteenlopende versameling interessanthede, uit alle oorde, in ‘n toeganklike vorm aan haar lesers bied. Die reeks uitgawes is getittel MUTI en kos R100,00.
Hierdie uitgawe, nommer vier, wat sy aan my geskenk het, het 14 hoofstukke en wissel van resepte, geskiedenis, interessante mense, humor en selfs ‘n kortverhaal uit haar eie pen. Die hoofstuk wat vir ons van belang is, is hoofstuk nommer vier en dit heet “In die regte Stemming” en gaan oor Tradisionele Boeremusiek.
Vervolgens laat ek haar in haar eie woorde sê wat die leser te wagte kan wees ten opsigte van inhoud: “Die inligting wat in hierdie gedeeltes weergegee word, is gedeeltelik afkomstig uit Piet Bester se drie Boeremusiekgedenkboeke, aangevul met verdere inligting wat daarna bekom is van die betrokkenes se famillie, vriende en ander bronne.”
Die musikante wat hierin behandel word is Die Vyf Vastrappers, Die vier Transvalers, Die Vyf Dagbrekers, Kerrie Bornman en Dawid de Lange.
Ek moet sê dat, ten spyte van my, op ‘n maand na 33 jaar se betrokkenheid by die TBK, ek nogsteeds staaltjies en brokkies in hierdie boek raakgelees het wat ek nooit van geweet het nie. ‘n Moet vir enige Tradisionele Boeremusiek intoesias!

Stephaan Van Zyl

SKRYWE ONTVANG VANAF TAKKE

OOSRAND-TAK

Dagsê aan al ons boeremusiekvriende en -vriendinne.
Ek hoop u almal het goed uitgerus met die Feesgety en is veilig terug by die huis en werk.
Die TBK het al ‘n hele paar funksies vir 2015 agter die blad met die skryf van hierdie artikel. Ons glo en vertrou dat dit vir almal van ons voorspoedig sal wees.
Die TBK-Oosrand tak het dié jaar weer vier danse, sien asseblief die bladsy aangaande die danse se datums.
Ek wil graag met die skrywe die Oosrand bestuur vereer vir die harde werk wat hulle almal insit. Dit is slegs met die genade van Bo wat ons, ons taak kan verrig. Die Oosrand-tak bestuur lyk soos volg: Pat en Tina Meyer, Gerhard en Dina Herbst, Louisa

Henning en Aletta Dorfling. Baie dankie vir julle harde werk. Sonder julle sou ons suksesvolle tak nie so uitgeblink het nie.
Ek hoop ek sien u by ons funksies.

Groete van huis tot huis
Martin F. Dorfling

PRETORIA-TAK

Boeregroete hier uit 'n hittige Jakarandastad

Baie dankie aan ons hemelse Vader dat ons soveel seëninge ontvang uit Sy hand ... Ek moet my komitee bedank vir volgehoue ywer en toewyding met al die harde werk wat ingesit word, asook ons musikante wat soveel moeite doen en distansies aflê in soms gevaarlike omstandighede en laat tuis kom na afloop van 'n funksie.
Baie dankie vir die handhawing van goeie verhoudinge tussen bestuurslede, publiek asook besighede. Ons soek iemand wat ‘n byeenkoms so nou en dan sal borg ... baie dankie aan Mnr. Stiemie vir bydraes asook Mnr. Neels Moll wat ons voorsien het van gas toe die kombuis se gas die gees gegee het. Baie dankie – julle is ware vriende.
Baie dankie aan die ondersteuners wat ons byeenkomste in groot getalle bywoon, asook die goeie gees waaarin dit geskied. Ek is oortuig dat dit gedoen word omrede hulle vergas word op goeie Tradisionele Boeremusiek wat deur ons musikante opgelewer word.
Ons as Pretoria-Tak van die TBK van SA wil by hierdie skrywe 'n uitnodiging rig aan ondersteuners om gebruik te maak van ons saal en afdak voor die saal om verjaasrdae, trouherdenkings of verlowings te kom geniet. Bespreek tafels of die afdak voor die saal. Na betaling kan u die tafels kom dek en so is u verseker van u plek.
Dit is met leedwyse dat ons moes afskeid neem van Willem van Reenen wat ons ontval het. Sterkte en seënwense word sy familie toegewens.
Daar is 'n sterk moontlikheid dat Sias vir 'n knievervanging binnekort sal gaan, seënwense en sterkte word hom toegebid.
Die slegte nuus is dat ons slegs Februarie en die 16de Mei nog funksies in hierdie saal sal kan aanbied. Ons verhuis Augustusmaand na PRETORIA-NOORD se STADSAAL, dan sal ons verdere byeenkomste in Augustus, Oktober en November daar gehou word.
Wees gegroet met warm liefde van huis tot huis. Wees verseker van ons toewyding vir dit wat ons met passie liefhet, naamlik Tradisionele Boeremusiek.

Hennie Bezuidenhout

VAALDRIEHOEK-TAK

Liewe Boeremusiek vriende

Weereens baie dankie vir die geleentheid om nuus uit die Vaal te kan gee. Baie dankie aan ‘n puik komitee wat my heeltyd dra en ondersteun.
Die eerste deel van die jaar het dit nie goed gegaan met ons funksies nie en ons was maar onderdeur. Die derde funksie kon ons ook nie hou nie weens die saal wat nie beskikbaar was nie. Dit het regtig goed gegaan op ons laaste funksie en ons kon daar in die groen afsluit. Die bywoning is wel stadig maar seker besig om op te tel.
Baie dankie aan ons getroue publiek wat ons wel ondersteun. Ons Vaaldriehoek-orkeste wat so getrou deelneem as daar n funksie is … Ja baie dankie vir jul almal wat die klub ondersteun en net goed praat van onse Klub. Ek kan met trots sê dat daar geen afguns of jaloesie onder ons musikante is nie. Ja die son skyn oor almal dieselfde. Dit gaan gepaard met in wat ons glo en uitleef. Ek is trots op die Vaaldriehoek.
Dan die goeie nuus! Oom Jan Mans en Henning de Lange het ‘n nuwe orkes gestig onder die naam Outydse klanke. Baie welkom aan die nuwe orkes – ons sal julle musiek gereeld op die verhoë van die TBK hoor.
Baie dankie aan Hoofbestuur wat ons geleentheid gegee het om ‘n laserskyf van die Vaaldriehoek musikante te kan opneem. Daar het baie oefening ingegaan en aan almal wat hard geoefen het, baie dankie. Ek persoonlik dink dit het baie goed afgeloop en die musiek is van hoë gehalte.
Ons moet van 2015 ‘n groot sukses maak. Ek kan dit net doen met almal se steun. Ek nooi almal hartelik uit na ons funksies wat ons op die volgende datums gaan hou: 7 Maart, 18 April, 29 Augustus en 31 Oktober 2015. Die 31ste Oktober 2015 sal ons ook die Vaaldriehoek-tak se 21ste vejaardag vier. Wat ‘n eer om so ‘n funksie aan te bied. Dankie ook aan onse Vader om die tak so mooi te laat funksioneer.
Ek wil dit graag weer beklemtoon dat Hy steeds aan die hoof staan van die Vaaldriehoek-tak. Mag ek almal wat die brief lees ‘n baie geseënde jaar toewens, vol van liefde en geluk.

Groete
Willie Badenhorst

WESRAND-TAK

Aan die Wesrand gaan dit sommer baie goed na al die lekker reën wat ons gehad het gedurende ons reënseisoen.

Jy weet nie hoe swaar die las is wat jy **NIE** dra nie.
- Onbekend -

Ons Wesrand bestuur het ons afskeid op die 16de Desember gehou met ‘n lekker braai en het lekker gekuier om die jaar af te sluit.
Ons eerste byeenkoms was gehou op die 31ste Januarie 2015 in die Witpoortjie Ontspanningsentrum wat weer ‘n groot sukses was. Die musiek was weer uit die boonste rakke en die musikante het hulle talente weer gewys en daar was tot laatnag gedans.



Ons volgende byeenkoms is op die 9de Mei en ons nooi u almal uit na ons byeenkoms wat weer groot gaan wees. Daar sal ook die Wesrand-tak se jaarvergadering gehou word tydens die byeenkoms.
Tydens ‘n funksie op 10 Oktober 2014 by die Gereformeerde Kerk in Kerkstraat, Pretoria, het ek die baie groot voorreg gehad om met die toestemming van die koster op een van ons vorige Presidente, Paul Kruger, se stoel wat deur hom gebruik is tydens eredienste, te kon sit en poseer vir ‘n foto. Langs sy stoel was sy eggenote se stoel waarop sy tydens eredienste gesit het.

Links: Flip Snyman sit op Oud-president Paul Kruger se stoel.

WESKAAP-TAK

Op 27 Desember 2014 is Daantjie Kotzé (voorsitter van die Weskaap-tak) in die eg verbind met Elzane. Ons wens hulle ‘n geseënde toekoms saam toe.
Willie Nelson is nou met pensioen en het verhuis vanaf Alexanderbaai na Port Nolloth en ons wens Willie en Helena ‘n lang, gesonde en voorspoedige aftrede.

Daantjie en Elzane op hul troudag op 27 Desember.

SMOUS-HOEKIE

Enige persone wat musiekinstrumente en/of verwante produkte soek of aanbied, kan ‘n versoek stuur aan info@boeremusiek.org.

Quintus Maritz het die volgende instrumente *te koop*.
‘n Tweery Wheatstone Konsertina
Twee Boerekonsertinas
Een Banjo
Een Banjo-ukulele
Kontaknommer 071 373 4382

Flip Snyman het gerestoureerde, antieke banjo’s *te koop*.
Kontaknommer (011) 955-3615.

Gallotone (voor)

Gallotone (agter)

Oom Danie Labuschagne bou Boerekonsertinas van uitstaande gehalte. Kontaknommer (012) 379-2904 of 072 155 2696.

Flip Snyman doen herstelwerk aan banjo’s en kitare. Kontaknommer (011) 955-3615.

Stephaan van Zyl stem konsertinas en beskik oor ‘n handleiding oor hoe om ‘n konsertina te bespeel. Kontaknommer (012) 991-1732 of 082 777 0124.

Kon jy die persone in die foto korrek identifiseer?

Hulle is voor v.l.n.r.: Danie Labuschange, Michael Plato, Lourens Aucamp. Middel: Tom Senekal. Agter v.l.n.r.: Johannes la Grange, Piet Bester, Kalie de Jager, Jasper Vlok, Stephaan van Zyl.

KATALOGUS – 2015

Laserskywe beskikbaar

Versamelgoed no. 1 (Dubbel laserskyf, verskeie musikante)	R120-00
Versamelgoed no. 2 (Willie Badenhorst)	R80-00
Versamelgoed no. 3 (Namakwalanders)	R80-00
Versamelgoed no. 4 (Die Sandvelders)	R80-00
Versamelgoed no. 5 (Lourens van Zyl)	R80-00
Oom Hannes Viljoen (Vol. 4)	R80-00
Die Kaapland Boereorkes	R80-00
Die Kruinstad en oom Ben Lindeque	R80-00
Die Lekker Kêrels	R80-00
Die Stoepsitters – Appelbloeisels	R80-00
Die Wakis Orkes	R80-00
Outydse Potjiekos (Vol. 5)	R80-00
Potjiekos (Vol. 6)	R80-00
Piet Botes en sy konsertina	R80-00
Piet Snyman en Vriende	R80-00
Traporrel en Mondfluit (C. Leeson en H. Buitendag)	R80-00
Hans la Grange (Vol. 2)	R80-00
Hans la Grange (Vol. 3)	R80-00
Hans la Grange (Vol. 4)	R80-00

Nuwe Vrystellings:

Boeretroos uit die Vaaldriehoek	R80-00
Hans la Grange (Vol. 5)	R80-00

Herdrukte laserskywe:

Hans la Grange (Vol. 1)	R80-00
Hannes Viljoen (Vol. 1)	R80-00
Die Vier Transvalers	R80-00

Kontak vir Sias Erasmus in verband met aankope van laserskywe, boeke en artikels. Posgeld per posstuk beloop minstens R30-00.